

BOEKBESPREKINGS

Burckhardt, C. J.: *Richelieu and his age*. Volume II. *Assertion of Power and the Cold War*. Uit die Duits deur B. Hoy vertaal. Pp. 472, Allen & Unwin, Londen. 1970. R7.80.

Hierdie boek is deel twee van 'n beoogde trilogie oor die lewe van kardinaal Richelieu van Frankryk. Die eerste een heet: *Richelieu and his age. His rise to power*. Dit dek die periode tot 1630. Die werk onder bespreking gaan tot 1635, die Vrede van Praag, en deel drie sal dan die reeks met die dood van Richelieu in 1642 afsluit.

Die boek is stewig, en in 'n hardeband met stofomslag uitgegee. Dit bevat talle goeie foto's van verskillende figure wie se name genoem word; etse van ses verskillende situasies; vyf kleinerige kaarte wat nie waffers is nie, maar tog 'n doel dien. Daar is voorts 'n volledige register, 'n sinvolle voorwoord en 'n volledige inhoudsopgawe. Die bibliografie agter in die boek is per hoofstuk ingedeel. Sommige hoofstukke, ses en sewe byvoorbeeld, bevat 'n opvallend meer volledige boekelys as van die ander hoofstukke terwyl dit nie duidelik spreek waarom dit die geval hoef te wees nie. 'n Minimum aantal notas is in die Engelse vertaling voorsien.

Die geskrif wemel van aanhalings, maar dit is goed gekies; Richelieu self word veral daardeur aan die woord gestel. Sodoende begryp die leser beter hoedanig hierdie leiersfiguur geredeneer het. Plek-plek vind ons besondere detailstudie en dan weer net breër riglyne wat getrek word. Beide benaderings werp sukses af.

Hoofstuk I gee 'n oorsig van Richelieu se raad aan koning Lodewyk XIII en dit is duidelik dat hy as „premier”, veel eie laste in die proses moet dra omdat Lodewyk net eenvoudig nie 'n vors kon en ook nie wou wees nie. Die weg is nietemin vir Lodewyk XIV gebaan en die talle geskifte deur Richelieu nagelaat het die geskiedenis pragtig verryk. Wat as inligting- en leerstukke vir sy eie tyd bedoel was, dien vandag as bronne van besondere betekenis betreffende buitlandse sake, sosiale patrone, volks- en mensverhoudings, staatsopvattinge, oorlogvoering en kerkbeskouing.

In hoofstuk II val die klem op Richelieu se siening aangaande Frankryk se nuwe, sterker plek in die internasionale politiek, maar waarvoor goeie en meer skepe en hawens nodig was. Om Europa te beïndruk, en dit wou Richelieu beslis doen, moes hy Spanje en Switserland stuit, en Engeland daarvan weerhou om met sy vloot Frankryk te verneder. Verouderde vlootbeskouings, gryse vlootadviseurs en familiebegunstiging het Frankryk se vlootposisie sodanig benadeel dat selfs Franse adel beter skepe as die Franse vors gehad het.

Daarom het Richelieu die vlootgesag gesentraliseer, die Franse adel vervolg wat sy skeepvaartplanne weerstaan het, end-uit aan maritieme wapens aandag geskenk en hawevestigings ontwikkel. Reeds teen 1635 het Frankryk die voordeel van sy sterker vloot getrek, maar Richelieu het nie sy seevaart-oogmerke volkome verwesenlik nie. Sy verbeelding, opportunisme en volharding in hierdie sfeer geopenbaar, het nietemin wondere verrig en 'n nuttige grondslag gevorm.

Richelieu se stryd teen die geslag van Montmerency is die tema van hoofstuk III. Montmerency was juis 'n seevaartfamilie en tweede in aansien na die koningshuis. Maar Richelieu was bitter teen hulle gekant en het hulle persoonlik en meedoënloos, maar baie subtiel, vervolgt. Sy optrede tenoor hulle en sy sterk afkeur jeens tweegevegte, moes onder andere dien as teken van 'n nuwe vorstelike en gesagsera wat ná 1600 vir Frankryk aangebreek het. Daarmee wou hy tegelyk

Frankryk in 'n goeie lig voor Europa plaas, die dwase adellike voorregte of eie aansprake, tot landsnadeel, ophef en Lodewyk se beeld as „moderne” vors opbou.

Die tweegevegte tussen die adel het om die nietigste redes plaasgevind en jaarliks is duisende bekwame mense hierdeur vermoor — ongeag vorstelike wetgewing daarteen. Deur daarmee te volhard, is die koning se posisie aangetas, aldus Richelieu, en is Frankryk beroof. Daarom moes van die oortreders 'n voorbeeld gemaak word. In die proses kon hy dan sommer van gevaarlike adellikes ontslae raak, maar dan gewettig en het hy nie noodwendig hulle gramskap op sy hals gehaal nie.

Hoofstuk IV behandel die gevolge van die teregstelling van Henri Montmercy — vir Frankryk, Richelieu, die adel en vir Europa. Europa het naamlik geskrik vir Richelieu se sterk optrede teen die Franse adel en allerlei politieke afleidings is hieruit gemaak. Tegelyk egter het Burckhardt 'n volledige beeld van die korrupsie, die rol van vrouefigure en die uitwerking van paleisintriges in Frankryk gegee sodat die leser daaruit kan besef dat Richelieu se optrede geregtig was; afgesien van die feit dat Richelieu bepaalde, politieke, staatkundige en persoonlike oogmerke nagestreef het.

Die leser verkry in hoofstuk V 'n insig in Richelieu se persoonlike lewe, maar dit is nie 'n baie geslaagde gedeelte nie. Talle brokstukke is nie tot 'n sinvolle geheel saamgevat nie. Ons leer hom nietemin as 'n harde heer ken wat kwaai en veel straf, maar korrupsie in sosiale kringe oogluikend aanvaar; as iemand wat die nood van die oomblik oorbrug, maar tog meedoënloos met 'n oogmerk in die toekoms volhard; as een wat vriende of familie begunstig, maar ook onthoof; as 'n persoon wat toegewyd en lang ure werk, maar hom met intriges vereenselwig, sy sieklike toestand tot eie beleidsvoordeel uitbuit en sy eie sakke vul. Sels Vader Josef is tot Franse politieke voordeel in Europa as agent ingespan. Trouens, dit is duidelik dat Richelieu 'n groep knap manne om hom versamel het, dat hy die aansien van die feodale stand daardeur juis wou inkort en die aanspraak as baasraadgewer van die vorstehuis wou verhoog.

Hoewel die skrywer op bladsy 217 beweer dat die lang oorsig van Engelse geskiedenis, soos in hoofstuk VI weergegee, nodig was „to acquire an understanding of Richelieu's truly remarkable attitude to England and thus of his whole English policy”, kry die leser nogtans die gevoel dat daar darem te ver en te wyd teruggegryp word om Richelieu se 17de eeuse optrede te help verklaar. Die hele verhaal bly uiters oorsigtelik, 'n blote mededeling en sonder die noodsaaklike toepassing of verwysing ná elke moment wat genoem word.

In hoofstuk VII word soortgelyk die verhouding met die Duitse wêreld oor vorige periodes bekyk, maar hier het dit waarde. Richelieu se subtile inmenging sedert 1616, sy benutting van Rooms-Katolieke en/of Protestantse of adellike verskille tot eie taktiese voordeel, die uitbuiting van vroeëre Turkse simpatie met Frankryk of sy al groter deelname agter die skerms in die Dertigjarige Oorlog werk alles tot sy einddoel mee: 'n sterk Franse vorstehuis binne 'n sterk Franse vaderland met die oog op 'n Franse oorheersing van Europa.

Weliswaar is Richelieu deur sy talle agente in verskillende lande mislei of verkeerd ingelig of verkeerdelik besig gehou, maar uit die massa gegewens kon hy sy planne teen Spanje en die huis van Hapsburg smee. Sels sake met die pousdom is tot Franse voordeel verknoei of benut. Maximiliaan van Beiere is teenoor die keiser afgespeel ten einde veral laasgenoemde te verswak.

Soortgelyk het hy Wallenstein help tuimel, want Richelieu het hegte Duitse eenheid gevrees en dit is presies wat Wallenstein en die keiser, elk onder homself, beoog het. Maar die moord op Wallenstein het Richelieu nogtans ontstel omdat

hy met behulp van Wallenstein nog langer onrus in Europa teen die keiser tot Franse voordeel wou saai. Die verdeeldheid in die Duitse wêreld tydens en ná die Dertigjarige Oorlog geopenbaar, met sy verreikende gevolge vir Europa, kan dus onder andere aan Richelieu toegeskryf word.

Die moderne begrip „Cold War”, in die titel van die boek, is dus nie so vreemd as wat dit wil voorkom nie, want die leser besef maar te goed dat Richelieu inderdaad oor jare met ’n fyn intrigespel besig was en daarmee tot Franse voordeel geslaag het.

Hierdie soort werk word sterk aanbeveel omdat dit ons lesers veel meer as ’n bloot kronologiese verslag aanbied. Geskiedenis gaan juis óók om die dinge wat in hierdie boek na vore gebring word. M. J. Swart.

Ullman, Ernest: *Designs on Life*, pp. 280, 315 ill. (8 kl.). Howard Timmins, Kaapstad, 1970. R12.

Ernest Ullman is in München gebore. Hy het op jong leeftyd begin teken en tegelykertyd blyke gegee van ’n sterk aanvoeling vir humor. Ons leer hom ken in sy jeug in die jare voor die Eerste Wêreldoorlog, sy lewe in München en die mense wat hy daar ontmoet. Ná die oorlog het München opgehou om ’n middelpunt van die kunswêreld te wees, en Ullmann verskuif na Berlyn. Die politieke verwikkeling het hom laat besluit om weg te trek en in 1936 kom hy na Suid-Afrika. In Johannesburg was dit die tyd van voorbereiding vir die Rykskou, die Majesty-teater wat nie verder as halfpad uit die grond kan kom nie en drie ekstra verdiepings bo-op die ou Carlton Hotel. Dit was ’n stad van stylmengsels met ’n sterk oortollige weelderigheid en ’n koloniale smaak. Die ietwat negatiewe reaksie van Ullmann op hierdie barok-moderniteit is begryplik. Tegelykertyd was hy diep onder die indruk van die weidse veld en die groot afstande in Suid-Afrika.

Hy begin met advertensieprente en lui onbewus ’n nuwe periode op hierdie gebied in. Hy word medewerker van die bekende tydskrif *The Forum*, ontwerp *Simba*-kinderboeke en speelgoed en hy help met die versiering en estetiese beplanning van ’n groot aantal nasionale uitstallings in Suid-Afrika. Later besoek hy Israel, Albert Schweizer in Lambarene en woon ’n atoomkonferensie in Genève by. Ten slotte ontwikkel hy ’n groot entoesiasme vir die tegniek en moontlikhede van die tapyt. Hy sluit die boek af met ’n aantal persoonlike teorieë oor kuns en kunsomstandighede in Suid-Afrika, wat blyke gee van ’n skerp en gesonde opvatting.

Ullmann bied met hierdie boek baie meer as net ’n outobiografie. Ons het te doen met ’n uiters interessante werk wat geskryf is deur ’n hoogs intelligente en fyngevoelige en simpatieke mens. Iemand wat dit self nie altyd maklik gehad het nie en terdeë bewus is van die moeilikhede wat die lewe vir homself en sy medemens kan oplewer. Uit alles is dit duidelik dat Ullmann ’n aansienlike bydrae gelewer het tot kunsontwikkeling in Suid-Afrika. Een van die redes hiervoor is die feit dat hy self op soveel gebiede presteer het: industriële ontwerp, toneel-agtergrond, boekillustrasies, potloodportrette, seëls, speelgoed, beeldhouwerk, skilderkuns en tapisserieë. Dit alles word toegelig deur ’n groot aantal aantreklike illustrasies van Ullmann se werk. Moontlik sou dit beter gewees het om onderskrifte by die afbeeldings te voeg, sodat dit onnodig sal wees om telkens na die lys van illustrasies terug te blaai.

Ullmann het ’n baie leesbare skryftrant en sy skerp oog en ontwikkelde gevoel vir humor verhoog die aantreklikheid van hierdie boek. Dit kan aanbeveel word by elkeen wat in Suid-Afrikaanse kuns belangstel. Maar ook vir die gewone leser is dit as gevolg van die styl, die illustrasies en die interessante inhoud beslis die moeite werd.

F. G. E. Nilant.

Shaw, A. G. L. (ed.): *Great Britain and the Colonies 1815-1865. Series debates in Economic History*. Pp. 213. Methuen en Kie., Londen, 1970.

Soos die titel van die werk aandui, het ons hier te make met 'n debat wat handel oor Brittanje en die Britse kolonies. Dit is ongetwyfeld 'n hoogstaande debat, want die deelnemers is almal vooraanstaande en welbekende historici waar onder mense soos J. S. Galbraith en O. MacDonagh.

Die tien opstelle verdien beslis vermelding en val soos volg uiteen: John S. Galbraith, *Myths of the "Little England" Era*; Edward R. Kittrell, *The Development of the Theory of Colonization in English Classical Political Economy*; B. Semmel, *The Philosophic Radicals and Colonialism*; R. N. Ghosh, *The Colonization Controversy: R. J. Wilmot-Horton and the Classical Economists*; G. S. L. Tucker, *The Application and Significance of Theories of the effect of Economic Progress on the rate of profit, 1800-1850*; J. Gallagher en R. Robinson *The Imperialism of Free Trade*; O. MacDonagh, *The Anti-Imperialism of Free Trade*; R. J. Moore, *Imperialism and Free Trade Policy in India, 1853-1854*, en H. O. Pappé, *Wakefield and Marx*.

Dit is die bekende Nederlandse historikus, P. Geyl, wat gesê het dat 'n mens die geskiedenis moet beskou as 'n nimmer eindigende debat. Geen antwoord is finaal nie en geen verklaring word dogma nie.

P. Mathias is van die opinie dat, „The fate of any historical interpretation about a problem or a period is to become itself re-interpreted”. So 'n hervertolking beteken geensins 'n vereenvoudiging van die probleem nie, maar neig intedeel na komplisering wat op sigself weer tot verdere vertolking roep.

Great Britain and the Colonies is een van daardie werke waar die debat geopen word om nie gou weer gesluit te word nie. Die skrywers stel hul saak onomwonde en dit word aan die lesers oorgelaat om met hulle saam te stem of te verskil.

Die jaar 1776 sal altyd die jaar bly waarin Adam Smith sy beroemde *Wealth of Nations* geskryf het, asook die jaar waarin die Amerikaners hulself onafhanklik van Brittanje verklaar het, maar historici is vandag nie meer so oortuig dat hierdie twee gebeure 'n fase van anti-imperialisme ingelei het nie. Smith se stelling dat dit vir Brittanje beter sou wees om van sy kolonies ontslae te raak, het veel tot hierdie anti-imperiale mite bygedra. Dit word te dikwels vergeet dat Brittanje slegs na die gebruikmaking van geweld bereid was om van die Amerikaanse kolonies af te sien en dat onmiddellik na die oorlog, Brittanje opnuut die ou navigasie-sisteem hersien het om by die veranderende situasie aan te pas.

In die vyftig jaar wat na 1815 gevolg het, het die Britse Ryk met ongeveer 100 000 vk. myl per jaar uitgebrei en dit was nie veel minder as die uitbreiding per jaar tussen die jare 1865 en 1914 nie. Intedeel daar was „a dogged determination to hold fast to the possession and exploitation of the remnants of the old Empire”.

Juis in die periode wat algemeen bekend staan as die anti-imperiale fase, het Brittanje feitlik die helfte van al sy kolonies verkry. Dr. Semmel is van mening dat daar te veel aandag geskenk is aan die denkers wat anti-imperiaal gedink het en dat dit dan vergeet word dat daar nog steeds mense was wat gepleit het vir koloniale uitbreiding. As die denke dan werklik so teen koloniale uitbreiding was, hoe is dit te verstaan dat Disraeli in 1872 so 'n bereidwillige gehoor gehad het toe hy sy Crystal Palace-toespraak gelewer het? Semmel heg nie veel waarde aan die gedagte dat daar goeie partypropaganda was nie en vir hom is die anti-kolonialisme van die middel-Victoriaanse periode 'n blote mite. Galbraith sluit by Semmel

aan en verwerp die gedagte dat liberalisme gepoog het om die Britse Ryk te vernietig.

'n Skrywer soos MacDonagh wys in sy artikel daarop dat ten spyte van kritici soos Smith, Bentham, Mill, Ricardo en McCulloch, Engelse denkers en ekonome geensins so anti-koloniaal was as wat vermoed is nie. Gedurende die Napoleonietiese oorloë het die Tories die verhouding tussen handel en kolonies in hoë aansien gehou en daar was Whigs soos Brougham wat hiermee saamgestem het. Na 1821 was daar wel groot veranderings ten opsigte van die koloniale sisteem waarneembaar, maar die direkte anti-imperialiste het in getal klein gebly. Self Huskisson het gemeen, „England cannot afford to be little”.

Die gevolgtrekking waartoe 'n mens kom, is dat dit wil voorkom asof daar geen werklike fase van anti-kolonialisme in Engeland gedurende die negentiende eeu was nie. Daar was altyd anti-imperiale denkers, maar hulle was nooit 'n oorheersende faktor in Britse politiek nie.

Ons mag egter nie die Sandrivier-konvensie oor die hoof sien in ons gevolgtrekking nie, sê MacDonagh asook die vermindering van imperiale troepe en die toekenning van koloniale selfbestuur in hierdie periode nie.

Vir my wil dit voorkom asof ons in hierdie tyd twee duidelike strominge kan onderskei naamlik die van imperialisme en anti-imperialisme, waarvan eersgenoemde in die sewentiger jare van die vorige eeu geseëvier het.

Ek beveel hierdie werk sterk aan. Vir voorgraadse studente sou die werk miskien nog effens te gevorderd wees, maar Honores-studente sal beslis baie daarby baat.

D. W. van der Merwe.

Minchinton, W. E. (ed.): *The growth of English overseas trade in the 17th and 18th century, with a bibliographical essay*, Series: *Debates in economic history*. Pp. 176. Methuen & Co., Londen, 1969. R1.60

The book reviewed here contains reprints of six articles with an introduction of the editor. The book discusses English foreign trade during the period between the Commercial and the Industrial Revolutions (rather to be termed Evolution). Scotland is left out, but this is not too serious an omission, for on page 100 we read that in 1755 the trade of Scotland amounted to only 5% of English trade and that many Scotch goods were exported via London. Nevertheless the historian should not forget Scotch trade; e.g. after 1700 Glasgow became the main entrepôt for American tobacco.

During the period discussed England developed from an underdeveloped peripheral country dependent upon few export products (mainly wool, thereafter raw cloth, and a few minerals, viz. tin and lead), with many pirates but few merchant skippers, to a leading manufacturing country with a wide range of export products, i.e. manufacturers, with a large colonial empire, abundant capital and a staple market that vied with that of the Dutch Republic. At the end of this vital period England lost the most important of her colonies, viz. those in North America. But she did not suffer a severe economic setback and ushered in the Industrial Revolution at the same time.

The first essay is of the editor. It is instructive, but occupies 63 of the 183 pages of text, so the title “Introduction” is inappropriate for this contribution. On the other hand, a short summary of the book reviewed here, highlighting the most important developments and changes in the period discussed, is lacking.

The staple market or entrepôt was the pivot of international trade in the era between the Commercial and the Industrial Revolution. Nevertheless this type of organisation and England's function as an entrepôt competing with the Netherlands, the Hansa towns and France is discussed somewhat cursorily by most authors in the reviewed book, although we can derive from trade figures printed in the book the proportion of English re-exports to total exports and thus evaluate England's function as an entrepôt.

Prof. Minchinton's general remark on page 44 that the development of the English entrepôt trade was not accompanied by industrial developments, underlines the lack of attention for capital-intensive processing industries created by entrepôt trade and the concentration of the editor on manufacturing based on domestic raw materials. His reference to the enclave development of external trade in undeveloped countries in a note on the same page (44) is irrelevant.

Further we find a reprint of Prof. F. J. Fisher's good article *London's export trade in the early 17th century*. He sketches England's transition from the export of wool to that of raw cloth and from exporting only broadcloth to shortcloth as well; this meant the introduction of "the new draperies", i.e. the manufacture and export of light woollen textiles, more popular in subtropical and tropical countries than the heavy broadcloth bought by people in West and North Europe.

In two excellent articles Prof. Ralph Davis describes English foreign trade in 1660-1700 and in 1700-1774 whereafter the North American Revolution and the Industrial Revolution ushered in a new era. Like F. J. Fisher, he stresses the quantitative rise of re-exports, especially between 1660 and 1700. Like other contributors he complains of lack of reliable and continuous statistics of imports and exports and he devotes much space to the difficulty of piecing together figures on foreign trade. His motto is apparently: Any figures are better than no figures. Indeed, leaving a void here is an invitation to the continuance of using the wrong figures among the few available statistics and drawing false conclusions.

Prof. W. A. Cole has republished his article on *Trends in eighteenth century smuggling*. He has made a painstaking study of the legal and illegal imports of tea in England. He shows that changes in the known, legal sales of tea were generally associated with changes in the duty on tea. Legal demand fell and smuggling grew after an increase in the duty and vice-versa.

Dr. H. E. S. Fisher publishes an interesting contribution on *Anglo-Portuguese trade, 1700-1770*. The English export of textiles, ironwares and a lot of other articles to Spain and Portugal rose considerably in the 18th century because these export goods were to a large extent re-exported to Latin America where purchasing power had increased. Spain and Portugal lacked industries to satisfy the Latin American demands, therefore they admitted English products, until after 1760 they reinforced their Mercantilistic policy and tried to develop their domestic industries. Discoveries of gold and diamonds in Brazil towards 1700 increased Brazilian export to Portugal and import of English goods via Portugal. English goods found another market in Buenos Aires thanks to the smuggling trade with that city via Brazil.

H. E. S. Fisher does not believe that the series of English-Portuguese trade treaties explains the rise of trade between these two countries. The explanation is that England could supply the articles demanded by the Portuguese and Brazilians cheaper than the Dutch, French and Italians. After 1760 the trade declined because the English grain export stopped, the long prosperity in Brazil

ended owing to the decrease in gold production and Brazilian smuggling to Buenos Aires declined (I suppose as a prelude to the opening of the Buenos Aires port to overseas trade in 1778).

In the last article Prof. A. H. John discusses the growth of English agriculture and manufacturing between 1700 and 1774 in connection with English foreign trade. Special attention is drawn to his opinions that the years 1720-40 were not a period of stagnation, although this was maintained by some historians, and that before 1740 re-exports (i.e. the staple market) grew faster than exports, after 1740 slower, thus testifying to England's rise as a manufacturing country and exporter of her own manufactures after 1740.

The Bibliographical Essay, the last contribution, numbers 12 pages and deserves praise.

C. de Jong.

Greig, D. E.: *Herbert Baker in South Africa*, pp. XVI, 276, 97 ill, 9 figs. Kaapstad-Johannesburg, Purnell, 1970. R15.

Baker het opgegroeï in die Engeland van Ruskin en Morris, die tyd van neo-Gotiek, teen 'n agtergrond van Kent en Kantelberg. In 1892 het hy sy broer in die Kaap gaan help met vrugteboerdery. Die volgende twintig jaar sou hy in Suid-Afrika bly.

In die Kaap het kerkebou op die grondslag van Sophy Gray geskied, terwyl vir ander argitektuur gebruik gemaak is van vooruitvervaardigde materiaal uit Engeland en Amerika. Boukuns was op 'n laagtepunt. In hierdie tyd begin die laaste golf van Britse imperialisme oor Suid-Afrika rol o.a. soos voorgestaan deur Cecil Rhodes. Rhodes het Baker opdrag gegee om Groote Schuur te bou. Hulle het mekaar pragtig aangevul: altwee was grootse dromers, Baker het die kuns verstaan om Rhodes se visie in klip, bakstene en sement te vertolk. Van 1892 tot 1902 het Baker in die Kaap gewerk. Na 'n studiereis vestig hy hom in die Transvaal, waar hy tot 1912 bly. Hy het geleer dat ontwikkeling, wat in Engeland geleidelik plaasvind, in Suid-Afrika allermins vloeiend was. Hy het ook beseft dat bou-vereistes in Engeland totaal verskil van dié in Suid-Afrika.

Behalwe Groote Schuur, St. George-katedraal, die Rhodes-, Kimberley- en Shangani-monumente, 'n groot aantal kantoorgeboue, kerke, die stasie van Pretoria, die gebou vir mediese navorsing en ongeveer 300 huise, was die hoogtepunt van Baker se werk die Uniegebou in Pretoria. Hy het inspirasie gesoek by die ou meesters, maar ook plaaslike vereistes en beskikbare plaaslike boumateriaal in aanmerking geneem.

Baker het ongetwyfeld daarin geslaag om die boukuns in Suid-Afrika nuwe lewe te gee. Sy strewe na 'n nasionale boustyl het misluk weens eensydigheid. Sy opdraggewers was die groot maatskappye en handelsfirmas, wat kantoorgeboue benodig het en ook die ryker bolaag in die Suid-Afrikaanse samelewing, wat grootse huise laat bou. Almal van hulle het 'n sterk Engelse agtergrond gehad en hoewel Baker probeer het om in die Uniegebou die simboliese vereniging van die twee blanke bevolkingsgroepe weer te gee, was dit tog nie die ideaal van die Afrikaansspreekende deel van die bevolking nie. Nadat die imperiale golf begin terugvloei het, het Baker hom in toenemende mate ontuis gevoel in Suid-Afrika. Selfs in die land van Botha en Smuts kon hy nie meer inpas nie.

Die belangrikheid van Baker vir Suid-Afrika is dat hy die grondslag gelê het waarop die moderne boukuns later kon ontwikkel, sy soeke na 'n styl wat

aan Suid-Afrikaanse vereistes voldoen, sy opleiding van werksmense en die gebruik van plaaslike materiaal, en die groep argitekte en studente wat om hom opgegroeï het.

Die skryfster bou Baker op teen 'n neutrale beskrywing van die geskiedenis van Suid-Afrika. Sy doen haar bes om die doelstelling en simboliese betekenis van die verskillende geboue te verduidelik, waarby sy nie die foute miskyk' nie. Die boek moet gevolglik beskou word as 'n hoogs noodsaaklike oorsig van Baker se werk en sy rol as argitek. Ondanks alle goeie pogings is sommige beskrywings helaas ietwat oorsigtelik. 'n Belangrike gebou soos die Ou Letteregebou van die Universiteit van Pretoria word glad nie genoem nie. Die skryfster se naam op die rug van die omslag is verkeerd gespël.

Nogtans is dit 'n baie welkome publikasie. Met die groot aantal foto's, sketse en bylae is dit 'n ryke bron van gegewens oor 'n terrein waaraan tot nog toe veels te min aandag gegee is en wat met die modernisasie van die boubedryf dreig om grotendeels te verdwyn.

F. G. E. Nilant.